

# Die brief van Jakobus

## Hoofstuk 4

### Skrifgedeelte

Jakobus 4

### Waarskuwing teen wêreldliefde en hoogmoed

[1]Waar kom die stryd vandaan, waar kom die rusies onder julle vandaan? Kom dit nie
van julle selfsugtige begeertes wat gedurig binne-in julle woed nie? [2] Julle wil dinge hê,
maar kry dit nie en wil dan moord pleeg; julle is jaloers op 'n ander man se goed en
kan dit nie in die hande kry nie en dan maak julle rusie en baklei julle. Julle kry nie,
omdat julle nie bid nie. [3]As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid: julle wil
net julle selfsugtige begeertes bevredig. [4] Weet julle nie, julle ontroues, dat
vriendskap met die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie 'n vriend van die wêreld wil
wees, wys daarmee dat hy 'n vyand van God is. [5]Of dink julle dat die Skrif sonder
rede sê dat God die gees wat Hy in ons laat woon, heeltemal vir Homself wil hê? [6]Maar
die genade wat Hy gee, is nog groter. Daarom sê Hy:

"God weerstaan hoogmoediges,

maar aan nederiges gee Hy genade."

[7]Onderwerp julle dan aan God. Staan die duiwel teë en hy sal van julle af wegvlug.
[8]Nader tot God en Hy sal tot julle nader. Was julle hande, sondaars, en reinig julle
harte, huigelaars. [9]Bekla julle ellende, treur en huil! Laat julle vrolikheid in rou
verander en julle blydskap in droefheid. [10]Onderwerp julle in nederigheid voor die
Here, en Hy sal julle verhoog.

### Moenie kwaad praat nie

[11]Moenie van mekaar kwaad praat nie, broers. Hy wat van sy broer kwaad praat of sy
broer veroordeel, praat kwaad van die wet en veroordeel die wet. En as jy die wet
veroordeel, handel jy nie meer volgens die wet nie, maar speel jy regter daaroor.

12Daar is egter maar een Wetgewer en Regter, en dit is Hy wat die mag het om te red
en te verdelg. Maar jy, wie is jy om regter te speel oor jou naaste?

### Afhanklikheid van God

13Kom nou, julle wat sê: "Vandag of môre sal ons na dié en dié stad toe gaan en 'n jaar
lank daar bly; ons sal sake doen en geld maak." 14Julle wat nie eers weet hoe julle lewe
môre sal wees nie! Julle is maar 'n damp wat 'n oomblik verskyn en sommer weer
verdwyn. 15Julle moet eerder sê: "As die Here wil, sal ons lewe en sal ons dit of dat
doen." 16Maar nou is julle te seker van julleself en praat julle groot. Al sulke
grootpratery is verkeerd. 17As iemand weet wat die regte ding is om te doen en hy
doen dit nie, is dit sonde.

## Bybel in Praktyk

### 4:1-3 Jou houding teenoor besittings

Wat jou houding teenoor besittings is, wys of jy ware hemelse wysheid het. Iemand wat in die regte verhouding met God lewe, kruisig sy selfsugtige begeertes, sal dus nooit sy eie besittings ten koste van ander wil uitbrei nie. Hy sal weet dat hy nooit, ook nie in sy gebedslewe (4:3) net sy eie behoeftes moet wil bevredig nie, maar dat hy in alles, ook ten opsigte van besittings, so teenoor sy naaste moet optree dat hy God eer.

### 4:2-3

Om te bid beteken nie in die eerste plek dat mens God oorhaal om te doen wat jy wil hê nie, maar dat jy 'n aanvoeling ontwikkel vir wat God wil hê, en dat jy jou eie wil prysgee, sodat jy kan sê en dink en doen wat Hy wil hê (vgl. 1 Joh. 3:21-22).

### 4:3

Dis nie verkeerd as 'n mens die lewe wil geniet nie. God gee vir ons goeie gawes en Hy wil hê dat ons hulle moet geniet (Jak. 1:17; Ef. 4:7; 1 Tim. 4:4-5; 1 Pet. 3:10). Dit is egter verkeerd om die lewe ten koste van ander te wil geniet of as jou genieting beteken dat jy aan God ongehoorsaam is. Vreugde en plesier wat egter spruit uit God se onuitputlike bron, is goed en heerlik en onblusbaar.

### 4:4-10 Jou onderwerping aan God.

'n Verdere praktiese uitlewing van hemelse wysheid hou in dat jy jou aan God onderwerp, al beteken dit vyandskap met die wêreld.

### 4:6

Eers as jy jou kleinheid voor God besef, is jy gereed om God se genade te ontvang. As jy op eie krag staatmaak, verbeel jy jou dat jy God nie nodig het nie.

### 4:7

Dit is opmerklik dat hier nie staan dat ons van die duiwel moet wegvlug nie, maar dat ons hom moet teenstaan en dat hy dan van ons sal wegvlug. Die rede is dat die Here reeds die Satan verslaan het (Kol. 2:13-15; Op. 12:10-12; Heb. 2:14). Wanneer Christus terugkeer, sal die Satan en sy boosheid vir ewig vernietig word (Op. 20:10-15).

### 4:8

Hoe nader mens tot God? Jakobus se riglyne is: (1) Onderwerp jou aan God (4:7). Besef dat jy sy genade nodig het, en wees gewillig om Hom te volg. (2) Staan die duiwel teë (4:7). Moenie toelaat dat hy jou afskrik of verlei nie. (3) Sorg dat jy ‘n skoon lewe het (“was jou hande”) en aanvaar dat Christus jou skuld betaal het (“reinig jou hart”) (4:8). (4) Sorg dat jy opregte berou voor God oor jou sonde het (4:9). (5) Besef jou kleinheid voor die Here (4:10). Onderwerp jou aan God, en op die tyd wat Hy bestem het, sal Hy jou verhoog (1 Pet. 5:6).

### 5:11-12 Jou verhouding met jou medegelowiges.

Dat die hemelse wysheid jou in die regte verhouding met God gebring het, blyk wanneer jy daarteen waak om regter oor jou naaste te speel en kwaad van hom te praat.

### 4:11-12

Jesus het die wet saamgevat as liefde tot God en jou naaste (Matt. 22:37-40) en Paulus het gesê dat iemand wat sy medemens liefhet, die hele wet van God uitvoer (Rom. 13:8-10). Om jou naaste nie lief te hê nie, is dus ‘n direkte oortreding van die wet van God. Dit is daarom belangrik dat jy jou gesindheid teenoor mense ondersoek en sorg dat jy mense opbou en nie afbreek nie. Wanneer jy kritiek uitspreek, moet jy die opbouing en versterking van die persoon op die oog hê. So wys jy dat jy erns maak met die wet van God.

### 4:13-17 Jou afhanklikheid van God.

Nog ‘n praktiese uitlewing van hemelse wysheid is om in jou toekomsbeplanning jou afhanklikheid van God te beleef en ook in jou lewe sigbaar te laat wees.

### 4:13

Hierdie vers wys dat daar by die gelowiges ‘n vermetele onafhanklikheidsgevoel is, en dit kom in hulle beplanning ten opsigte van hulle beroepe tot uitdrukking. Jakobus vat hierdie gesindheid goed saam in 4:16 as hy sê dat sulke mense se fout is dat hulle te selfversekerd en grootpraterig is. Jy moet oppas dat hierdie vermetele onafhanklikheidsgevoel nie by jou ontstaan nie. Dit gebeur gewoonlik wanneer mens sukses behaal en jy vergeet dat dit nie deur jou eie goedheid is nie, maar deur God wat jou genadig is.

4:14

Hier blyk dit hoe gek hierdie vermetele selfversekerdheid is: jy weet nie eers hoe jou lewe môre sal wees nie, nou wil jy grootpraat oor dinge wat rus op die veronderstelling dat jy gesond is. Jy weet nie eers of jy môre nog sal leef nie!

4:15

Dit gaan nie soseer oor die woorde nie, dat jy nou juis altyd moet sê "as die Here wil" nie. Die gesindheid wat agter hierdie woorde lê, moet egter by jou bestaan. Jou beplanning vir die toekoms moet wys dat jy besef hoe afhanklik jy van die Here is.

4:16

Sulke grootpratery is nie net grootdoenerigheid voor mense nie, maar uiteindelik ook die Here. Om hierdie oproep en van Jakobus te gehoorsaam, beteken natuurlik nie dat mens nou vol onsekerheid oor die toekoms moet wees nie. Jy het immers die waarborg van God se versorging (kyk bv. Matt. 10:29-31). Jy moet jou dus oefen in 'n heilige selfversekerdheid. Dit beteken dat jy selfversekerd is, nie omdat jy jou eie krag ken en daarop staatmaak nie, maar omdat jy die Here se krag ken, en daarop staatmaak. Jy sal ervaar dat jy, wanneer jy weet dat jy besig is om te doen wat God wil hê, 'n selfversekerdheid het wat vir niks stuit nie.

## Life Application Study Bible NIV - Study Bible Notes

4:1–3

Conflicts and disputes among believers are always harmful. James explains that these quarrels result from evil desires battling within us—we want more possessions, more money, higher status, more recognition. When we want badly enough to fulfill these desires, we fight in order to do so. Instead of aggressively grabbing what we want, we should submit ourselves to God, ask God to help us get rid of our selfish desires, and trust him to give us what we really need.

4:2, 3

James mentions the most common problems in prayer: not asking, asking for the wrong things, asking for the wrong reasons. Do you talk to God at all? When you do, what do you talk about? Do you ask only to satisfy your desires? Do you seek God's approval for what you already plan to do? Your prayers will become powerful when you allow God to change your desires so that they perfectly correspond to his will for you (1 John 3:21, 22).

4:3, 4

There is nothing wrong with wanting a pleasurable life. God gives us good gifts that he wants us to enjoy (1:17; Ephesians 4:7; 1 Timothy 4:4, 5). But having friendship with the world involves seeking pleasure at others' expense or at the expense of obeying

God. Pleasure that keeps us from pleasing God is sinful; pleasure from God's rich bounty is good.

4:4–6

The cure for evil desires is humility (see Proverbs 16:18, 19; 1 Peter 5:5, 6). Pride makes us self-centered and leads us to conclude that we deserve all we can see, touch, or imagine. It creates greedy appetites for far more than we need. We can be released from our self-centered desires by humbling ourselves before God, realizing that all we really need is his approval. When the Holy Spirit fills us, we see that this world's seductive attractions are only cheap substitutes for what God has to offer.

4:5

This verse may mean that because of our fallen nature, we have a tendency toward envy. James is not quoting a specific verse or passage—he is summing up a teaching of Scripture. See Romans 6:6–8 and Galatians 5:17–21 for more on the human tendency toward envy and discontent.

4:7

Although God and the devil are at war, we don't have to wait until the end to see who will win. God has already defeated Satan (Revelation 12:10–12), and when Christ returns, the devil and all he stands for will be eliminated forever (Revelation 20:10–15). Satan is here now, however, and he is trying to win us over to his evil cause. With the Holy Spirit's power, we can resist the devil, and he will flee from us.

4:7–10

How can you come near to God? James gives five ways: (1) Submit . . . to God (4:7). Yield to his authority and will, commit your life to him and his control, and be willing to follow him. (2) Resist the devil (4:7). Don't allow Satan to entice and tempt you. (3) Wash your hands . . . and purify your hearts (that is, lead a pure life) (4:8). Be cleansed from sin, replacing your desire to sin with your desire to experience God's purity. (4) Grieve, mourn and wail in sincere sorrow for your sins (4:9). Don't be afraid to express deep heartfelt sorrow for what you have done. (5) Humble yourselves before the Lord, and he will lift you up (4:10; 1 Peter 5:6).

4:10

Humbling ourselves means recognizing that our worth comes from God alone. To be humble involves working with his power according to his guidance, not with our own independent effort. Although we do not deserve God's favor, he reaches out to us in love and gives us worth and dignity, despite our human shortcomings.

### 4:11, 12

Jesus summarized the law as love for God and neighbor (Matthew 22:37–40), and Paul said that love demonstrated toward a neighbor would fully satisfy the law (Romans 13:6–10). When we fail to love, we are actually breaking God's law. Examine your attitude and actions toward others. Do you build people up or tear them down? When you're ready to criticize someone, remember God's law of love and say something good instead. Saying something beneficial to others will cure you of finding fault and increase your ability to obey God's law of love.

### 4:13–16

It is good to have goals, but goals can disappoint us if we leave God out of them. There is no point in making plans as though God does not exist because the future is in his hands. The beginning of good planning is to ask: "What would I like to be doing ten years from now? One year from now? Tomorrow? How will I react if God steps in and rearranges my plans?" We can plan ahead, but we must hold on to our plans loosely. If we put God's desires at the center of our planning, he will never disappoint us.

### 4:14

Life is short no matter how many years we live. Don't be deceived into thinking that you have lots of remaining time to live for Christ, to enjoy your loved ones, or to do what you know you should. Live for God today! Then, no matter when your life ends, you will have fulfilled God's plan for you.

### 4:17

We tend to think that doing wrong is sin. But James tells us that sin is also not doing right. (These two kinds of sin are sometimes called sins of commission and sins of omission.) It is a sin to lie; it can also be a sin to know the truth and not tell it. It is a sin to speak evil of someone; it is also a sin to avoid him or her when you know he or she needs your friendship. We should be willing to help as the Holy Spirit guides us. If God has directed you to do a kind act, to render a service, or to restore a relationship, do it. You will experience a renewed and refreshed vitality to your Christian faith.